

Herdefiniëring van Dissipelskap



Die meeste kerkleiers sal met my saamstem dat die Liggaam van Christus nie die impak op die wêreld het wat ons graag wil hê nie. Daar is veelvuldige redes wat voorgestel kan word waarom die Kerk nie gesonder is nie. Ek sal graag die enkele grootste rede wil aanvoer vir die geestelike swakheid wat oorheersend in die Liggaam van Christus is, en 'n oplossing aanbied om die neiging om te keer.

Paulus verklaar in Kolossense 1:28-29: *Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.*


Dit was Paulus se passie om **elke** gelowige te help om die geestelike volwassenheid te bereik wat God beplan het. Indien dit God se bedoeling is dat gelowiges geestelik moet groei, dan moet ons onself afvra: *Waarom is soveel gelowiges onvolwasse?*

By 'n seminar hoor ek die volgende verklaring: *Die sisteem wat in plek is, is perfek ontwerp vir die resultate wat behaal word.* Ek wil graag beweer dat die Kerk afgedwaal het van God se model vir geestelike groei. Kom ons kyk na 'n tipiese kerkmodel vir geestelike groei, en wat kan daaraan verander word.

Die tipiese kerk is suksesvol om wat ons noem **Korporatiewe of Gemeenskaplike Dissipelskap** te voorsien. Dit is 'n noodsaaklike element vir gesonde persoonlike geestelike groei, sowel as vir gesonde kerkgroei.



Nietemin, glo ons dat daar 'n verdere element is wat noodsaaklik is vir normale, gesonde geestelike groei, waarna ons verwys as *Persoonlike Dissipelskap*. Die volgende diagram dui aan hoe 'n gebalanseerde benadering sal lyk, waar dit beide **Gemeenskaplike** en **Persoonlike Dissipelskap** insluit.



Kerkleiers ken alreeds Gemeenskaplike of Korporatiewe Dissipelskap, dus kyk ons na die *Persoonlike Dissipelskap Model*. Ons verwys ook daarna as

Geestelike Ouerskap. Ons lei die term af van I Tessalonisense 2:6-12.

Die vier onderdele van Geestelike Ouerskap

Besonderhede van die Gebalanseerde Dissipelskap Benadering.



Oorsig: Waar ook al gelowiges vergader, behoort *Gebalanseerde Dissipelskap* toegepas te word. Met ander woorde, **beide** *Gemeenskaplike* en *Persoonlike* dissipelskap is nodig vir geestelike groei. Die twee soorte dissipelskap het elkeen sy eie unieke rol en hulle komplimenteer en vul mekaar aan.

Probleem: Baie kerke neig na *Gemeenskaplike Dissipelskap* wat dikwels voorkom asof dit meer doeltreffend mag wees. *Persoonlike Dissipelskap* verg meer tyd, energie en finansies. Ons glo egter dat dit meer doeltreffend is om 'n nuwe gelowige se groei te bespoedig. Baie kerkleiers sou graag meer individuele aandag aan elke nuwe gelowige wou gee, maar dit is gewoonlik onprakties as gevolg van hulle veelvuldige ander verantwoordelikhede en gebrek aan genoeg tyd.

Oplossing: Die oplossing vir kerkleiers lê daarin, om *getroue* gelowiges in die kerkliggaam op te lei, wat op hulle beurt 'n *geestelike ouer* kan wees vir nuwe gelowiges. Ons is bewus daarvan dat die meeste kerkleiers bystand nodig het om dissipelmakers op te lei en een van die doelstellings van hierdie kursus is om juis dissipelskapmateriaal vir opleiding te voorsien.

In sovele kerke beteken dissipelskap die aanbieding van Bybelwaarhede. Gevolglik reken die meeste leiers dat hulle verantwoordelikheid daaruit bestaan om Bybelwaarhede te verkondig en dat dit die verantwoordelikheid van elke gelowige is om die Heilige Gees toe te laat om hierdie waarhede in hulle eie lewens toe te pas. Aangesien die meeste nuwe gelowiges ongewoond daaraan is om die stem van die Heilige Gees te onderskei, het hulle iemand nodig om hulle persoonlik te help om te verstaan hoe om met die Heilige Gees saam te werk in hulle persoonlike geestelike ontwikkeling.

In baie kerke word die gedagte oorgedra dat, om God se Woord korrek oor te dra, dit nodig is om Bybelskool- of Kweekskoolopleiding te gee. Die Here het sekere Bybelskool of Kweekskoolopleiding beslis gebruik om baie leiers op te lei, maar is dit realisties om van die gewone Christen te verwag om sulke opleiding te ondergaan? Verorsaak hierdie gedagte nie dat baie gelowiges hulleself as ongekwalifiseerd beskou nie?

In Efesiërs 4:11-16 sê Paulus...herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus...Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Behoort dit nie die doel van die leiers te wees om toe te sien dat *persoonlike dissipelskap* en *gemeenskaplike dissipelskap* eerder die riggsnoer as die uitsondering is nie? Behoort ons nie te verwag dat elke gelowige in die proses van dissipelskap te wees of in die lewens van ander gelowiges aktief betrokke te wees as dissipelmaker nie?

Gemeenskaplike Dissipelskap: Die korporatiewe deel van hierdie model bestaan uit Onderrig in die Woord, Bybelstudie, Prediking, Seminare en Opleiding, Kleingroepe, wat dikwels gelei word deur 'n gelowige wat die gawe van onderrig het. Bybelskool of Kweekskoolopleiding sal help, maar is nie noodsaaklik nie.

Persoonlike Dissipelskap: Volgens die persoonlike deel van hierdie model, is die gawe van onderrig nie 'n voorvereiste vir persoonlike geestelike ouerskap nie. Hoeveel paartjies sou kinders hê indien hulle sou wag totdat hulle "gekwalifiseerd" voel?

DIE VIER SAMESTELLENDEN DELE VAN DIE PERSOONLIKE MODEL:

(Verwys na [Les 2-2](#) vir verdere besonderhede)

- **Die Woord van God.** Onderrig in die Woord is 'n noodsaaklike afdeling van **beide** die Gemeenskaplike as die Persoonlike deel van dissipelskap. God wil eerder sien dat die Bybel beskou word as 'n verklaring van Sy karakter, as 'n blote akademiese handboek. Die Bybel is 'n manier waarop mense Hom kan leer ken.


En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. (Johannes 17:3)

Die leiding van die Heilige Gees is altyd in ooreenstemming met Sy Woord.

- **Toewyding.** Dit het te doen met die harts-ingesteldheid van die dissipelmaker of geestelike ouer teenoor die geestelike welstand en ontwikkeling van die dissipel. Hierdie is 'n toewyding wat verby die aanbidding van die Woord strek. Die Bybelse gedagte van 'n dissipel is eerder dié van 'n vakleerling as 'n student.
- **Voorbeeld.** Hopelik sal die dissipel (vakleerling) dieselfde passie as die dissipelmaker vertoon. Die dissipelmaker is 'n voorbeeld vir die dissipel op maniere wat verder strek as die van 'n onderwyser en sy student. Hoe leer 'n mens geduld, getrouheid of ywer? Hierdie karaktertrekke word eerder gesien as gehoor.
- **Individuele Aandag.** Ons wil nie vir 'n dissipel op 'n akademiese manier punt nommer 1,2,3,4,5 leer nie. Die dissipelmaker behoort beskikbaar te wees vir die Heilige Gees, sodat hy as instrument gebruik kan word om die nuwe gelowige te ontwikkel en die besondere behoeftes van die dissipel aan te spreek. Die materiaal van 'n *Werktuig vir Persoonlike Dissipelskap* is ontwerp sodat stimulerende vrae en gesprekvoering kan plaasvind, wat geestelike groei in beide die dissipelmaker as die dissipel sal teweegbring. Elke dissipelmaker sal unieke en persoonlike ervarings hê waaraan die Heilige Gees hom sal herinner vir gebruik in die dissipelmakingsproses.

Die volgende diagram stel voor wat ons glo hoe die lewe van 'n Christen behoort te lyk wat geestelik vinnig groei.

'n Bybelse Tydlyn van 'n Christen se lewe



- ① Stel die onbekeerde tydperk in 'n persoon se lewe voor (geestelike dood), vanaf fisiese geboorte tot geestelike geboorte. Gedurende hierdie tydperk word dit 'n alledaagse lewensgewoonte om op self staat te maak.
- ② Verteenwoordig die 'Evangelisasie' stadium, wat die hoogtepunt bereik in die gebeurtenis van redding, wanneer die persoon oorstap vanaf geestelike dood na geestelik lewend vir God.
- ③ Verteenwoordig die 'Geestelike Ouerskap' stadium. Dit is die kritiese vormende tydperk waarin die Christen deur 'n dissipelmaker deur die eerste treetjies geneem moet word sodat hy kan leer om toenemend in afhanklikheid van die Heilige Gees te lewe.
- ④ Verteenwoordig die proses van 'Heiligmaking'. Nadat die gelowige persoonlike dissipelskap deurloop het, het die dissipel nou 'n insig in die Meester-dienskneg verhouding en die noodsaaklikheid om die Heilige Gees se leiding te volg, sodat hy deurlopend gelei en verander word deur die Gees.

DIE VERWAGTE GEVOLGE VAN DISSIPELSKAP IS:

GEESTELIKE VOLWASSENHEID

GEESTELIKE VRUGBAARHEID

GEESTELIKE REPRODUKSIE

*DIE MATE VAN SUKSES WORD AANGEDUI WANNEER DIE GELOWIGE WAT
DISSIPELSKAP DEURLOOP HET, 'n WERKENDE DISSIPELMAKER WORD*

